# Eljada

Die Here voorsien

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

Vertel en Leef die Goeie Nuus

"Hy is die Hoof van die liggaam, die kerk. Hy is die oorsprong, die Eersgeborene uit die dood, sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem." Kolossense 1:18

**26 Julie 2026**

## WOORDBEDIENING

**OGGENDDIENS om 09:15**

Psalm 103: 1 en 2

Psalm 101: 1 - 3

Psalm 101: 4 - 6

Psalm 103: 3, 5 en 6

Skriflesing: Openbaring 14: 1 – 20 (2020 Vertaling)

"[20] En die parskuip is buite die stad getrap. Uit die parskuip het daar bloed gevloei – sestienhonderd stadion ver, tot aan die perde se tooms."

Openbaring 14:20

**Tema: Die finale oordeel van God wat ook reeds deur Jesus vir ons gedra is.**


**PREDIKANTE**

**Ds. Anton Dednam**
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

**Ds. Danie Potgieter**
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

**SKRIBA**
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

**DIAKONIE**
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE BESTUURDER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

**SUSTERS**
Sr. Inneke Dedman
081 750 6468
gkrietvalleisusters@gmail.com

**FINANSIES**
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

**ADMINISTRASIE**
Diaken Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

**KOSTER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

**ORRELIS**
Sr. Christine v Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

**ELJADA**
eljada@gkrietvallei.co.za

# WOORDBEDIENING

**AANDDIENS om 18:00**

Skb. 33(2-4): 1 - 3
Psalm 51: 1, 3, en 6
Psalm 86: 3 en 6

Skriflesing: Psalm 51: 1 - 15 (1933/53 Vertaling)
NGB Art. 15

"[7] Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang"

Psalm 51:7

## Tema: Wil jy jou doel mis?

Ag, as ek dit maar net nie gesê het nie. Ek wens ek het dit nie gedoen nie. Kon ek myself nie maar net ingehou het nie? Was dit regtig nodig om so te reageer. As ons tog maar net anders besluit het. Dawid het soortgelyk gevoel toe hy Psalm 51 geskryf het.

1. Erfsonde: Geboorte-probleme
2. Erfsonde: Groei-probleme
3. Erfsonde: Erf-verlossing

# ATTESTATE

Gemeenskap met GKSA opgesê:

† **Na NG Oosterlig: Br. Corne en sr. Lizaan Fourie met dooplidmate Griffin en John-Luc (D23)**

# Verjaardae

# Meelewing

## BAIE GELUK

***Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.***

***Br. Kees Versteeg (A04) vier DV 27 Julie sy 85ste verjaarsdag.***

***Ons bid vir hom in besonder, maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.***

***"Gelukkig is die mens wat die God van Jakob as sy hulp het, wie se hoop gevestig is op die Here, sy God" Psalm 146:5***

## BELYDENDE LIDMATE

| | | |
|---|---|---|
| 27 Jul | Dewald de Beer | A12 |
| 27 Jul | Stefan de Bruin | A04 |
| 27 Jul | Ronel Heymans | A20 |
| 27 Jul | Marlene Klopper | A18 |
| 27 Jul | De La Rey v Rooyen | A04 |
| 27 Jul | Kees Versteeg | A04 |
| 28 Jul | Rikus Grobler | D23 |
| 28 Jul | Machdilt Human | A20 |
| 28 Jul | Harm van Jaarsveld | A06 |
| 30 Jul | Ingrid Steenkamp | D15 |
| 30 Jul | Wilma van Zyl | D15 |
| 30 Jul | Charl Venter | A02 |
| 31 Jul | Jana Terblanche | A02 |
| 01 Aug | Johan de Bruin | A04 |
| 01 Aug | Irma de Klerk | D35 |
| 01 Aug | Annelize Pienaar | A20 |

## DOOPLIDMATE

| | | |
|---|---|---|
| 26 Jul | Adriaan van Niekerk | A16 |
| 27 Jul | Liam Viljoen | D17 |
| 28 Jul | Lynieka de Villiers | D03 |
| 28 Jul | Miné Erasmus | A16 |
| 28 Jul | Sean Madden | D15 |
| 29 Jul | Regard van Wyk | D17 |
| 30 Jul | Ansunè Steynberg | D03 |
| 01 Aug | Stephan Venter | A16 |

***Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:***

- Sr Helena Kirsten (A08) het 21 Julie 'n oog-operasie ondergaan.
- Br.Jan Greyling (A18) ondergaan DV 27 Julie 'n rug-operasie.
- Br. Andrie van der Linde (D33) het 'n skouer-operasie ondergaan.
- Sr. Liezl Potgieter (A06) is tuis nadat sy gehospitaliseer was.



# Inligting

Kollekte by deure vir DIE KERKKAS

Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens

Fondse in die kerkkas word gebruik vir die instandhouding van die erediens. Vandag is die vyfde van agt kollektes wat deur die kerkraad vir hierdie doel in 2026 goedgekeur is. Ons mikpunt vir 2026 is R100-00 per belydende lidmaat per maand. Baie dankie vir u bydrae.

**RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE**

**Kerkkas:** Rekeningnommer: 34 9014 4306 Gebruik asb. verwysing: WYK VAN NAAM

**Diakonie:** Rekeningnr: 40 5113 8620

**Susters:** Rekeningnr: 40 9473 9097

**Franse Mediabediening:** 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA takkode: 632 005

## 26 Jul - 1 Aug

Aktiwiteite hierdie week

### VANDAG – 26 Julie

Skinkbeurt: Wyke A04 & D05
Gr 8- 12 Gesprek saam met ds. Anton

### MAANDAG – 27 Julie

Pluimbal: 16:00-20:00
Bybelstudie Jong werkendes: 18:00 (Biblioteek)
Bybelstudie Studente: 19:00 (Raadsaal)
Bedieningskommissie-vergadering: 18:30 (Konsistorie)

### DINSDAG – 28 Julie

Susters Bybelstudie: 20:00 (Aanlyn)

### WOENSDAG – 29 Julie

Kerkraad met diakens vergadering: 19:00 (Saal)

### DONDERDAG - 30 Julie

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

### VRYDAG - 31 Julie

Bybelstudie: Vroegoggendvolgelinge: 06:00
Koinonia 17:00 - 21:00

## BYBELVERSPREIDING

Ons Bybelverspreidingsfokusweek kom nou vinnig nader! Daarom herinner ons graag elke lidmaat aan die jaarlikse Borg-‘n-Bybel projek. Elke lidmaat word versoek om te probeer om minstens een Bybel teen R100 per Bybel te borg. Gebruik gerus die botteltjies op die Bybeltafel in die portaal (elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100) of doen ‘n EFT gemerk Bybelverspreiding. Kom ons poog om 500 Bybels te borg.

Baie dankie vir u bydrae!


## *BAIE GELUK AAN:*

- Leané en Lynn-Mari van Rooyen wat beide 3de plek by die ACRO Sport Gauteng kampioenskappe behaal het. By SA’s behaal Lynn-Mari 'n 8ste plek in Vlak 4, en Leané 'n 1ste plek in vlak 5 ACRO Sport. Dit is die dogters van br. Gert en sr. Elsie van Rooyen (D17)
- Hendré Ehlers wat Saterdag 18 Julie die SA kampioenskappe vir Vrystyl-stoei O17 92kg gewen het. Daarmee is hy nou SA kampioen in die afdeling. Hy het ook daarmee gekwalifiseer om SA in die komende Statebond-stoeikampioenskappe in Desember te verteenwoordig.



***Finansiële nuus – Kerkkas-bydraes***

Gedurende Junie 2026 het ons gemeente kerkkas-bydraes ontvang ter waarde van R576 179, effe meer as begroot. Die gemiddelde bydrae vir die eerste kwartaal van die finansiële jaar is marginaal bo begroting, daarvoor is ons dankbaar.




*Groete*
*Finansieskantoor*



# RIETVALLEI 40

**Net om die geheue te verfris:** **Jaartema 2027:** Ons is SAAM deur die Gees afgesonder om God se verlossingsdade te verkondig. (1 Petr. 2: 9 en 10)

Twee semesters met Sondag 20 Junie 2027 die fokusdatum (naaste Sondag aan 21 Junie – “gemeenteverjaarsdag”).

- **Eerste Semester:** Januarie tot Junie 2027: Terugskouend: Het ons die gawes wat die HERE gee werklik tot eer van Sy Naam gebruik?
- **Feesnaweek: 18 tot 20 Junie**
- **Tweede semester:** Rietvallei as toekomsgerigte kerk van die HERE.

**En ondertussen ontvang ons graag:**

- Voorstelle vir ’n embleem (logo); (Dankie vir die lidmate wat reeds gereageer het!)
- Foto’s en kiekies
- Interessante stories en staaltjies wat deur die loop van 2027 in die Eljada en Rietfluit gebruik kan word.

Stuur asseblief julle bydraes per e-pos aan eljada@gkrietvallei.co.za of steynhercules@gmail.com, WhatsApp 082 326 8968 (Voorstelle vir ’n embleem nie later as 31 Julie 2026 nie – so die laaste week vir kreatief en skeppend dink, breek nou aan!).



Heerlike

# Sop en Sjerrie

Hartverwarmend

Alle senior lidmate word hartlik uitgenooi vir Sop en Sjerrie

Saterdag, 15 Augustus

Tyd: 11:00

Waar: GKR Saal




Indien u die oggend wil bywoon, skryf jou naam op die lys in die voorportaal

## Liewe Susters,

Ons benodig geskenkies/donasies vir ons Damesoggend.

**Geskenkies soos:**

- Spa/Naels geskenkbewys
- Opgemaakte geskenkies van vel produkte
- Restaurant geskenkbewys vir 2 (lekker date-night)
- Enige dames geskenkies of kontant donasies.

Kontak asb vir Carin Rheeder 061 818 4265 as jy n geskenkie wil borg of donasie wil maak.




*Weereens dankie.*
Groete, Sustersbestuur.

## GKR Damesoggend 2026

*Lente van binne en buite*

HOU DIE DATUM OOP:
*5 September 2026*
09:00

Wil jy graag die oggend bywoon maar sien nie kans om as gasvrou op te tree nie? Koop gerus 'n kaartjie teen R200. Jou kaartjie sluit 'n eet-en drinkdingetjie in.

Gelde kan in sustersrekening inbetaal word.
(Sien Eljada vir bankbesonderhede).
Verwysing: Jou naam, van en damestee 2026.

KAARTJIE R200

GK RIETVALLEI | 5 SEPTEMBER 2026
09:00 | VIR ALLE VROUE EN MEISIES!

GASSPREKER



KARYNA LE ROUX
*Versier jou met die Woord.*

MODE-ONTWERPER



INGRID POUWELS
Ontwerper & eienaar van Ponki Bridal Collections
*Leer watter styl, kleure en klere pas by elke vrou.*

MOENIE DIT MISLOOP NIE!

- MODEPARADE
- EET EN KUIER SAAM
- KIES JOU STYL MET SELFVERTROUE
- THRIFTING Mooi tweedehandse klere te koop.

PLAAS JOU SKENKINGS vanaf 26 Julie tot – 24 Augustus – in die bokse in die kerk se voorportaal.



ELKE SKENKING *maak 'n verskil!*

*Groete Sustersbestuur*


GK Rietvallei
Gemeentekamp
2026
GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI
Zorgvliet
23 – 28 September
Inskrywings op GKR
Gemeenskap-WhatsApp


SAAMTREK 2027
SATERDAG 6 MAART 2027
Tema: Kyk na die lelies...
LET OP HOE GROEI DIE VELDLELIES:
HULLE SWOEG NIE EN HULLE MAAK NIE KLERE NIE...
(MATT 6:28)